DIE DAMESKRING BEURSFONDS

Liewe Hoofbestuur van Die Dameskring

Dis met ‘n jubel en ‘n juig en ‘n hart vol waardering dat ek hierdie brief aan julle rig. Hiermee sê ons baie dankie vir die studiebeurs wat julle aan ons kleindogter, Marike Kritzinger, toegeken het vir 2019. In hierdie moeilike ekonomiese tye waarin die boere benewens ander uitdagings ook nog die knellende greep van droogte moet oorkom, is hierdie beurs meer as net studiehulp, dit is ook droogtehulp en ons waardeer dit opreg!

Ons was aan die begin van hierdie jaar werklik beïndruk met die gladde verloop van die reëlings sonder dat daar van ons kant enige inset nodig was. Met haar inskrywing by die universiteit, het sy opgewonde uit die lokaal gekom waar sy moes betaal en aangekondig: “Ek het nie nodig gehad om iets te betaal nie! Die Dameskring se beursgeld is reeds inbetaal.” Ons was absoluut verras.

Wat ‘n voorreg om aan die ontvangkant van Die Dameskring se effektiwiteit te wees. Dit vul ‘n mens met ‘n warm gevoel van trots om deel te kan wees van so ‘n organisasie.

Joe Viljoen